

## DIE GROOT WIT TROON OORDEEL (OPENBARING 20:11-15) EN VERWANTE ASPEKTE

### 'N GESPREKSDOKUMENT

Gerrie & Martie Malan

**DIE PRIMÊRE VRAAG VOORHANDE:** Hoe klop my en Martie se verstaan dat die Boek van Openbaring in sy geheel vervul is (finale vervulling in 70 nC) met die Groot Wit Troon Oordeel (Openbaring 20:11-15) en die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde (Openbaring 21 & 22)?

---



Gegewe die kennis en verstaan van die Bybel waarmee ons (of dan definitief my en Martie se geslag) grootgeword het, is hierdie 'n aktuele vraag en daarom is dit goed dat dit te berde gebring is. Die onderwerpe van die Nuwe Hemel en Nuwe aarde, asook die Nuwe Jerusalem is ook vir hierdie antwoord ter sake en u moet asseblief ook daardie twee artikels (albei is net in Engels) van ons lees.

Ons onderstreep die feit dat hierdie nie as 'n volledige dokument oor die onderwerpe beskou moet word nie. Dit is 'n neutredop afskop om uiteindelik 'n volledige en verantwoordbare geskrif daar te stel. U insette, of dit op samestemming gegrond is of op verskil, sal 'n gewaardeerde bydrae maak om by die verlangde produk uit te kom. Soos Ephraim Currier in 1841 by die lesers van sy boek oor die sogenaamde Tweede Koms van Christus gepleit het:

***“All I ask of the community is, that they will give my views an impartial investigation, and if they are agreeable to the word of God, embrace them, if not reject them. One thing in particular I have to request of the clergy, as well as of all others, and that is, not to pass by the work now offered for their consideration, without notice; but let it be closely scrutinized, and if it cannot be refuted in a spirit of fairnes(s), and in a sa-***

*tisfactory manner, to admit it is truth. But if, on the other hand, any man can show in a satisfactory manner that my views are unscriptural, let him do it, the sooner the better. When this is done, I pledge myself frankly and unreservedly to acknowledge my errors. But long cherished opinions, and all history not found in the word of God, must be left entirely out of the question. I have nothing to expect from the sympathies of any sect of religionists now in existence, for I know well that all their strength will be arrayed against me. But from candid and sober argument I have nothing to fear. If my sentiments are unscriptural, it is a pity if it cannot be shown in a spirit of fairness and good feeling".<sup>1</sup>*

### ONS BENADERING TOT BYBELUITLEG

Omdat ons binne 'n bepaalde milieu van Bybeluitleg grootgeword het – en dan veral een wat oor jare heen 'n futuristiese uitkyk op Openbaring en ander profesie soos Matteus 24 in ons ingeprent het – is ons as mens tradisioneel geneig om die Bybel met die wegspring teen ons reeds gevormde en ingekerfde persepsies te lees. Omdat ons geleer het dis alles dinge wat nog moet kom, lees ons die profesieë dus met 'n klaar gevormde toekomsuitkyk. As Jesus sou sê, “wanneer julle hierdie dinge sien...”, dan lees ons onself as't ware as die 'julle' in terwyl ons bykans 2000 jaar verwyderd is van die 'julle' wat ter sprake was. Dit is iets waaraan ons doelgerig aandag moes gee en steeds moet gee.

Die hoogtemerk (“benchmark”) van werke op die gebied van Bybelhermeneutiek is volgens relatief wye akkoord onder die sogenaamde geleerdes of ‘scholars’, die boek *Biblical Hermeneutics* van Milton Terry, 'n werk uit die laat 19de eeu. Ek haal hier twee belangrike gedeeltes daaruit aan:

- *“In the systematic presentation, therefore, of any scriptural doctrine, we are always to make discriminating use of sound hermeneutical principles. We must not study them in the light of modern systems of divinity, but should aim rather to place ourselves in the position of the sacred writers, and study to obtain the impression their words naturally made upon the minds of the first readers”.*
- *“When a writer says that an event will shortly and speedily come to pass, or is about to take place, it is contrary to all propriety to declare that his statements allow us to believe the event is in the far future. It is a reprehensible abuse of language to say that the words **immediately**, or **near at hand**, mean **ages hence**, or **after a long time**. Such a treatment of the language of Scripture is even worse than the theory of double sense”.*<sup>2</sup>

---

**As ons wil bepaal wat die teks bedoel, is dit nodig dat ons bepaal wat die teks sê.**

---

Ongelukkig het leraars, predikers en skrywers deur eeue heen toegelaat dat hulle beïnvloed word deur *“hidden meanings, and spiritualizing processes, and plausible conjectures”*.<sup>3</sup> Dit is natuurlik alles te danke aan die invloed van die tegnieke van antieke Griekse filosofie. Ongelukkig het te veel daarvan ook in Bybelvertalings neerslag gevind en ons het die prys betaal vir ons onvermoë (a.g.v. gebrekkige onderrig) en selfs onwilligheid om die oor-

spronklike betekenis van woorde en konsepte akkuraat te ken en verstaan. Wanneer Paulus bv. aan die Tessalonisense skryf, “Daarna sal ons wat in die lewe oorbly,(...)”, dan het sy ‘ons’ betrekking op hom en sy geslag, en nie op ’ngeslag duisende jare in hul toekoms nie. As ons dan anders doen lees ons bo dit wat geskrywe staan.

Terwyl ek (Gerrie) aan die eerste konsep van hierdie dokument gewerk het, het ek na iets op my rekenaar gesoek en ’n boek wat uit 1894 dateer het my oog gevang. In die voorwoord van hierdie ou boek skryf Alexander Brown:

***“This book is a humble plea with all who are concerned with Scripture interpretation to re-consider the whole question of the Coming and Kingdom of Christ. It proceeds upon the principle that prophecy is not couched in occult or deceptive language, though strongly Hebraistic in conception and expression, and aims at showing that what Christ and His Apostles foretold was strictly true when their language is interpreted in its directest sense, and in remembrance of the spiritual ends they had in view. The substantial accuracy of our conclusions may almost be presumed from the fact that New Testament prophecy is found self-consistent and easy of interpretation, and the outcome entirely worthy of the Gospel of God’s salvation”.***<sup>4</sup>

In sy laaste en opsommende bydrae van die boek maak Brown die volgende waarnemings,

***“(...) current methods of interpretation are condemned by their sadly disappointing results – dates minutely fixed, prophecies falsified, hopes deferred, new methods of interpretation invented to be falsified in turn, and, on the surface, the wildest liberties taken with the Sacred Word”.***<sup>5</sup>

### **DOOD, HEL, OORDEEL EN OPSTANDING**

Dit wat ons nou skryf sal ongetwyfeld wenkbroue laat lig. Maar, soos ons al by herhaling geskryf en gepleit het, laat die leser dit sorgvuldig weeg na die Bybelse voorbeeld van die mense van Berea (Handelinge 17:11), en as iemand voel ons verstaan dit wat geskrywe staan verkeerd, neem asseblief die vrymoedigheid en wys gerus vir ons die fout gebaseer op die Skrif uit. Ons sal nie aanstoot neem nie – onthou asseblief dat ons hier in ons sestigs probeer om jare se ‘Bybelkennis’ met ‘Bybelwaarheid’ te vervang.

Die Ou Testament, so het ons ten regte geleer, is ’n Boek van Verbond – en daardie verbond was met ’n baie spesifieke groep, die nageslag van Abraham deur Isak, die seun van die belofte, mense wat ons as die uitverkore volk Israel leer ken het. Hul uitverkiesing en plasing op ’n baie spesifieke en strategies geleë stukkie landstreek het ten doel gehad om die kennis van die Lewende God na die res van die bekende wêreld van hul tyd heen te bring. Dit is ook ’n heenwysing na die Messias wat sou kom om die Wet en die Profete te vervul – en die woord vervul beteken nie om die Mosaïese Wet te bevestig nie, maar bring hier die gedagte van ’n holte wat opgevol word. Hierdie vervulling sou dan ook die koninkryk van God na hierdie volk toe bring, sodat dit ook na die bekende wêreld toe uitgedra sou word – en sodoende dus ook die belofte aan Abraham oor die nasies wat in hom geseën sou word.

Een van die bekendste konsepte waarmee ons grootgeword het, is die konsep van die hel. Moderne videos van mense wat nadoodse ervarings beskryf het, en ook ander media soos skilderye het by ons 'n beeld gelaat van hierdie plek van vuur en gloeiende lawa. Waar ons dus in die Bybel die woord hel (*hell*) teëgekomp het, was dit die beeld wat ons gesien het. En Bybelvertalings het ons op hierdie pad bly lei. Oral is ons met teksverse gekonfronteer met die boodskap van 'draai of braai'.

---

**Weet u dat die woord 'hel' nie in die Ou Testamentiese bronmanuskripte voorkom nie en ook nie in die Hebreuse Tanakh nie?**

---

Gaandeweg het ons begin besef dat ons dikwels met 'n verkeerde begrip te doen het. Openbaring 20:13 & 14 in die ou King James lui bv. *"And the sea gave up the dead which were in it; and death and hell delivered up the dead which were in them: and they were judged every man according to their works. And death and hell were cast into the lake of fire. This is the second death"*. Die New King James het dit al reggestel en die woord *hell* met die woord **hades** vervang. Die Ou Afrikaanse vertaling van 1933 het reeds 'n baie meer korrekte 'doderyk' gebruik en nie die woord hel nie.

Wat ons dus mee te doen het, is die ou dispensasiegedagte van 'n tydelike bestemming na die aardse dood, genoem **sheol** in Hebreeus (Ou Testament) en **hades** in die Grieks (Nuwe Testament). *Sheol/Hades* was binne die Ou Verbondsbedeling 'n tydelike houplek (of gevangenis) vir die siele van die ontslapenes. Hiervolgens het die ontslapenes se siele in twee afdelings (die regverdige en onregverdige) met 'n onoorbrugbare skeiding tussen hulle gewag op die opstanding en oordeel wat sou kom op die dag van die Here. Dit word onder meer mooi beskryf in 1 Konings 2:10, *"So David slept with his fathers, and was buried in the city of David"*. Die 1933 Afrikaanse vertaling se weergawe is, *"Toe het Dawid ontslaap met sy vaders, en hy is begrawe in die stad van Dawid"*, en ook dit is meer beskrywend van die Hebreërs se begrip. Vergelyk nou bv. die 1983 vertaling se *"Dawid is oorlede, en hy is begrawe in die Dawidstad"*. Behalwe dat die woord 'oorlede' nie meer enige beeld van die slaapedagte oordra nie, is daar ook nie meer enige koppeling aan die teenwoordigheid van sy vaders ter sprake nie. Ongelukkige vertaling in sommige Bybelweergawes het ons persepsie oor die hel in die Bybelse gebruik dus heeltemaal skeefgetrek.

Waar *sheol/hades* na 'n tydelike bestemming verwys het, is die konsep *gā-Hinnom* (Heb) en *géenna* (*Gehenna*) (Grieks) die plek of toestand van ewige veroordeling en verlatenheid. Die woord kom van die Hebreuse Vallei van Hinnom, wat volgens sommige sienings as't ware die stad se rioolput was, waar selfs mense se lyke gegooi is, benewens die gebruik om ook afgods- en mensofferandes daar te bring (bv. mense wat hul kinders as brandoffers aan Molech gebring het). Hierdie rioolputgedagte word nie deur argeologie ondersteun nie. Die meer geloofwaardige gedagte is dat die vallei as 'n vervloekte plek beskou is weens die feit dat mense hul kinders in daardie vallei aan afgode soos Molech geoffer het.

*Gehenna* is gevolglik altyd geassosieer as 'n plek van liggaamlike en geestelike straf, nie net vir Jode nie, maar vir alle bose mense. In die NT word *gehenna* voorgestel as die plek waarin die onregverdige na die laaste oordeel gewerp sou word – 'n plek van marteling vir beide liggaam en siel, soos aangedui in Matteus 5:29-30. Konsepte soos die put, afgrond en poel van vuur is verskillende terme, maar skynbaar in hul gebruiksbegrip verwant aan die konsep van *gehenna* of finale veroordeling. Ons kan dus met veiligheid sê dit was/is 'n plek van Godverlatenheid.<sup>6</sup>

Die konsepte van die opstanding en oordeel wat moet of sou kom, was/is dus gewortel in die konsep van *sheol/hades*.

Selfs die mees oortuigde skeptikus wat konstant die Bybel as 'n versameling mites afmaak, maar gedurig die Bybelteks in argumente oor 'n hel of opstanding gebruik, moet minstens die korrekte oorspronklike konteks toepas, ongeag of hy/sy die konsepte verwerp al dan nie. Indien dit nie gedoen word nie, sal die argumente reeds van meet af aan foutief wees. Hoeveel te meer behoort dit nie vir gelowiges te geld nie – ongeag of hulle hierdie konsepte as simbolies of as werklikheid beskou? Laasgenoemde is natuurlik 'n bespreking in eie reg werd.

### **Ter helle neergedaal**

In die Apostoliese Geloofsbelydenis word verklaar dat Jesus gekruisig is, gesterf het, en ter helle neergedaal het.

Ons navorsing hieroor dui die volgende aan:

- Bespiegelings dat die twaalf artikels van hierdie geloofsbelydenis van die twaalf apostels afkomstig is, kan nie deur enige grondige bewyse gestaaf word nie. Dit is 'n latere produk.
- Die 'ter helle neergedaal het' word gekoppel aan artikel 1 Petrus 3:18-20 ("*(...) Hy wat wel doodgemaak is na die vlees, maar lewendig gemaak deur die Gees; waarin Hy ook heengegaan en vir die geeste in die gevangenis gepreek het, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark vervaardig is, waarin weinig, dit is, agt siele deur water heen gered is; (...).*")
- Daar is heelwat meningsverskil oor presies wat Petrus bedoel het, en gevolglik is daar ook allerlei bespiegeling in hierdie verband.

Die enigste ander toepaslike Skrifverwysing wat 'n enkele bron vermeld, is Lukas 23:43 ("*En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy met My in die Paradys wees*").

Die verklaring dat Jesus neergedaal het na die hel is net nog 'n voorbeeld van wanpersepsie wat uit menslike interpretasiefout gevorm is, want dit is ongetwyfeld *hades* wat ter sprake is en nie *gehenna* nie. Kyk bv. Openbaring 1:18. Die woordeboek van W.E. Vine se beskrywing van *hades* bevat 'n spesifieke verwysing na toepassing in die tydperk voor Christus se hemelvaart. William Mounce verklaar in sy woordeboek oor *hades*, "*It is conceived as an underground prison with locked gates to which Christ holds the key.*"

### **Hy sal kom om te oordeel**

Dit bring ons nou by die Groot Wit Troon Oordeel wat in Openbaring 20:11-15 beskryf word.

Die Openbaringsvisioen is spesifiek aan sewe gemeentes gerig en nie aan sewe kerktipes soos die moderne eindtydteologie dit voorhou nie. Daar was reeds meer as dertig gemeentes deur die Romeinse Ryk versprei (as ons net dié tel wat in die Bybel genoem word). Hierdie sewe was die gemeentes waar die apostel Johannes gewerk het. Dit blyk uit oorlewering dat dit sewe gemeentes

van Joodse bekeerlinge was. Die Openbaring begin en eindig met hulle. Die *ekklesia* van Efese in Openbaring, en die aan wie Paulus geskryf het, is moontlik/waarskynlik nie dieselfde nie.

Die Joodse inslag van hierdie sewe gemeentes word verder daardeur versterk dat Openbaring 'n opsomming van die Ou Testamentiese geskiedenis weergee. Dit strook ook met die openlike verwag-

---

**Die Openbaring gee 'n opsomming van die Ou Testamentiese Geskiedenis.**

---

ting wat in Openbaring 1:3 gestel word dat die oorspronklike ontvangers die professie sou verstaan. Die hele boek is saamgestel uit beelde/gebeurtenisse uit die geskiedenis van Israel.

Moeilik om te aanvaar? Oorweeg dan gerus die volgende uit Daniel (12:1,2):

*“En in dié tyd sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van **jou volk** staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal **jou volk** gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap [dus in sheol is], sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.”*


Ons moet heelyd in gedagte hou dat die Hebreuse wêreldbeskouing gebaseer was op 'n konteks van Israel, die uitverkore volk, God se volk, en die nasies. Met die Nieu Testamentiese bedeling is hierdie onderskeid tot niet gemaak. Die see wat nie meer is nie volgens Openbaring 21:1, was 'n profeties-poëtiese verwysing na die nasies buiten die oorblyfsel van Israel (wat hoofsaaklik die stamme van Juda en Benjamin behels het ten tye van die Openbaring).

Die oordeel wat in Openbaring 20 ter sprake was, was die oordeel wat met die teenwoordigheid (wederkoms; parousia) van Jesus in oordeel en die vernietiging van die Tempel veertig jaar na Sy kruisiging plaasgevind het. Daarna is nie weer 'n tydelike domein van die afgestorwenes ter sprake nie. Lees ook gerus Daniel 12, wat dieselfde strekking van die einde van daardie dispensasie omvat het. Let bv. op die stelling in Daniel 12:1,2 wat ons vroeër vermeld het: *“(...) maar in dié tyd sal **jou volk** gered word, elkeen wat **in die boek opgeskrywe** staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.”*

- *“En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk [hades] het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, **elkeen volgens hulle werke**. En die dood en die doderyk is gewerp in die poel van vuur. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand **nie opgeskrywe was in die boek van die lewe nie**, is hy gewerp in die poel van vuur” (Op. 20:13-15).*

Die Mosaïese dispensasie het juis werke volgens die Wet ten grondslag gehad. [Ons beveel ons boek, *Die Eindtydprofesie Van Jesus*, in hierdie verband aan.

Dit is eers nadat hierdie oordeel plaasgevind het dat Johannes die visioen van die nuwe hemel en nuwe aarde beskryf, en wat John Lightfoot en ander teoloë deur die afgelope paar eeue heen reeds verklaar het as 'n profetiese beeldbeskrywing van die Nieu Testamentiese bedeling. In profetiese konteks



vind mens dan ook, soos vroeër genoem, dat die konsep van die see gebruik word om die nasies voor te stel. Onthou dat die belangrikste enkele beginsel vir Skrifverstaan daarin geleë is dat die Skrif die Skrif ten beste verklaar. [U kan gerus ons artikels oor die Nuwe Jerusalem en die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde lees.](#)

### WAAR BRING DIT DIE MENS VAN VANDAG?

Kom ons kyk vervolgens bloot na 'n aantal Skrifbewyse en oorweeg dan die implikasies daarvan:

- *“Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te oordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie geoordeel nie; maar hy wat nie glo nie, **is alreeds geoordeel**, omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie” (Joh. 3:17, 18).*
- *“Hy wat in die Seun glo, **het die ewige lewe**; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom” (Joh. 3:36).*
- *“**Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld**, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word” (Joh. 12:31).*
- *“Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis, **deur Hom alles met Homself sou versoen**, die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele” (Kol. 1:19, 20).*
- *“Maar Christus wat opgetree **het** as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie deur die bloed van bokke en kalwers nie, maar deur sy eie bloed, **eenmaal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige versoening teweeg gebring**” (Heb. 9:11, 12).*
- *“Maar julle **het gekom** by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemel opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by Jesus, die middelaar van die nuwe testament (...)” (Heb. 12:22-24).*
- *“Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word”. (Heb. 4:16). Maar daarteenoor lui Openbaring 15:8, “En die tempel het vol rook geword uit die heerlijkheid van God en uit sy krag, en **niemand kon ingaan in die tempel totdat die sewe plaes van die sewe engele voleindig was nie.**”*
- *“Maar ons het goeie moed en verkies om liever **uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon.**” Die King James weergawe lui: “We are confident, I say, and willing rather to be **absent from the body, and to be present with the LORD**” (2 Kor. 5:8).*

Kom ons volstaan vir eers met hierdie groepie . Soos ek hulle beskou, weerspreek hulle almal die gedagte aan 'n verdere groot oordeelsdag wat nog wag, want dit sou impliseer dat die mens wat sterf se siel nog steeds na *hades* toe gaan om daardie oordeel af te wag, en ek vind nie enige regverdiging in die Skrif vir so 'n situasie nie.

Gegewe die feit dat Openbaring 20:14 verklaar dat diegene wat by die Groot Wit Troon geoordeel en in die poel van vuur gegooi is, die tweede dood ondergaan het, **kom dit voor** (ons aanname, want dit word nie uitgespel nie) op grond van bv. Johannes 3:18 dat die Nieu Testamentiese mens wat Christus verwerp terwyl hy in hierdie lewe is, reeds die 'tweede dood' (volslae verwydering uit God se teenwoordigheid) ontvang wanneer hy hier op aarde sterf. Oorweeg ook gerus die implikasie van Openbaring 15:8 – het ek toegang tot God se genadetroon soos Hebreërs 4:16 verklaar, of het ek nie? As Openbaring 15:8 nog in die toekoms lê, dan het ek volgens die Skrif nie sodanige toegang nie.

Alexander Brown som sy verstaan van die evangeliese geheel reeds in sy voorwoord baie treffend op deur die volgende:

*“The unvarying testimony of the Scripture is, that the same generation sees the consummate sacrifice of our great High Priest and the desolating judgements of our righteous King. The New Testament day of judgement is the historical boundary line between the legal age and that gospel era which is ‘the acceptable year of the Lord.’ It takes both the first and second, the suffering and reigning Christs, to introduce the gospel dispensation; just as it takes the dead and risen Christ to constitute that one Mediator who can save unto the uttermost all who come unto God by Him”.*<sup>7</sup>

**'n VOORTSPRUITENDE, SEKONDÊRE VRAAG: Is ons dus van mening dat die wêreld hier om ons, die dorpe en stede, vir altyd sal voortbestaan?**

Hierdie vraag is al 'n paar keer vir ons gevra.

Dit is sekerlik vanuit wetenskaplike oogpunt moontlik dat dele of die geheel van ons aardbol volkome vernietig kan word deur 'n atoomoorlog of deur die impak van 'n reuse meteoriet of ander hemelligaam. **Dit sal egter nie die vervulling van 'n Bybelse 'eindtydprofessie' wees nie**, want daardie profesieë het verwys na baie spesifieke mense, van 'n baie spesifieke era, en in 'n baie spesifieke wêreldomgewing van die tyd wat ter sprake was. Dit is die kwessie wat ons moet verstaan, en as ons dit doen, sal daar nie 'n herhaling van die meer as 200 eindtyd waansinnighede wees wat die wêreld deur die eeu heen beleef het nie (met meer as 40 net in ons leeftyd).

Vergun ons een laaste aanhaling uit die werk van Brown, te wete die inleiding van sy finale opsomming van sy studiebevindings, en wat ons sienings van groot dele van moderne kerkdoktrines eggo:

*“It may be well in closing this volume to bring into distinctive array the prominent findings of our finished research. These we doubt not will be disappointing, if judged from the standpoint of current beliefs in the Church; but we claim that the latter are groundless inventions, drawn from Scripture on principles that are violations of fair and candid exegesis (...).”*<sup>8</sup>

Kopiereg 2013 © G.J. & M.J. Malan

Foto van die Groot Wit Troon Oordeel:

[http://s292.photobucket.com/user/iam733\\_photos/media/white\\_thrown-1.jpg.html](http://s292.photobucket.com/user/iam733_photos/media/white_thrown-1.jpg.html)

---

<sup>1</sup> CURRIER, E. 1841. *The Second Coming Of Christ And The Resurrection*. Skowhegan. Digital version by Google Books.

<sup>2</sup> MILTON S. TERRY. 1883. *Biblical Hermeneutics: A Treatise on the Interpretation of the Old and New Testaments*. New York: Phillips & Hunt, 495-496, 595.

<sup>3</sup> TERRY, *Biblical Hermeneutics*, 152.

<sup>4</sup> ALEXANDER BROWN. 1894. 2<sup>nd</sup> ed. *The Great Day Of The Lord: A Survey Of New Testament Teaching on Christ's Coming In His Kingdom, The Resurrection, And The Judgment Of The Living And The Dead*. London: Elliot Stock. iii, iv

<sup>5</sup> BROWN, 389.

<sup>6</sup> Gehenna. *Jewish Encyclopedia*. 1906. Jewish Encyclopedia.com.  
<http://www.jewishencyclopedia.com/articles/6558-gehenna>.

<sup>7</sup> BROWN, 2

<sup>8</sup> BROWN, 389